

PERSVERKLARING DEUR SARS KOMMISSARIS EDWARD KIESWETTER TE PERSKONFERENSIE GEHOU OP DINSDAG 5 MEI 2020

*EK VRA VOORAF OM VERSKONING, MAAR ONS HET REDELIK BAIE OM MET U EN DIE
PUBLIEK TE DEEL*

ONDERWERPE WAT GEDEK SAL WORD:

- A. SARS se optrede ten opsigte van huidige COVID-19-uitdagings
 - 1. Werksreëlings
 - 2. Inkomstebestuur
- B. Belastingseisoen 2020/21 vir persoonlike inkomstebelasting
- C. 'n Kort 12-maande terugblik op die jaar sedert my aanstelling op 1 Mei 2019.

Goeie middag en welkom by ons perskonferensie.

So baie het verander gedurende die laaste twee en 'n half maande om 'n jaar tot op 'n uitloop te bring wat reeds gekarakteriseer is met so baie uitdagings voor COVID-19 en die afgradering van die land se kredietgradering. Ons is reeds 5 weke in die nuwe finansiële jaar, en die harde realiteit begin nou intree terwyl die regering probeer om die gesondheid- en sterfte-uitslae aan die een kant, en die maatskaplike en ekonomiese uitdagings aan die ander kant, te balanseer.

Ek wil graag begin met die uitdagings wat ons tans in die gesig staar te midde van die COVID-19-krisis, in besonder hoe dit ons werksreëlings beïnvloed, asook ons aanvanklike begrip oor die impak daarvan op belastinginkomste-invordering.

1. WERKSREËLINGS TE MIDDE COVID-19

Die wêreld, Suid-Afrika en veral ons hier by SARS staar ongeëwenaarde uitdagings in die gesig en vind onself letterlik in onbetrede waters. Met aanvangs, wil ek sê, dat deur jouself in onbetrede waters te bevind, beteken nie dat jy sonder 'n plan te werk gaan nie. Dit beteken slegs dat jy met uiterse versigtigheid te werk gaan, dat jy die beste beskikbare bewyse gebruik, en dat jy toeganklik bly vir nuwe inligting en bowenal, dat jy opregte menslikheid, 'n gretigheid om te leer, en die behendigheid om aan te pas toon terwyl die situasie ontvou.

Dit is hoe ons te werk gaan by SARS, en ek wil graag my onvoorwaardelike waardering uitspreek teenoor my kollegas wat ruimskoots ingetree het om 'n toepaslike reaksie te ontwikkel wat SARS aangeneem het met die hantering van die huidige uitdagings.

Ingevolge die rampbestuurregulasies, is die kommissaris van SARS gemagtig om te bepaal watter SARS-dienste as noodsaaklik geag word. Baie het gevra hoekom SARS noodsaaklik is gedurende hierdie tydperk. Wel, as daar ooit 'n tyd was waar dit belangrik was om ons mandaat na te kom, is dit nou.

Meer as ooit tevore:

1. Die regering het belastinginkomste nodig om broodnodige verligting aan besighede en individue te verskaf, en veral om die menigte gemeenskapgesondheidswerkers en ander mediese- en noodsaaklike werkers in diens te hou - die huidige ekonomiese omgewing is reeds beperk soos dit nou staan.
2. Menige besighede en individue het dringend betaalbare terugbetalings nodig - wat SARS benodig om die nodige verifiëring- en sekerheidswerk uit te voer en om die risiko's ten opsigte van terugbetalings te bestuur - ongelukkig bly misbruik van die terugbetalingstelsel steeds in die prentjie.
3. Ons doeane-beamptes moes seker maak dat die nodige en wettige persoonlike beskermende toerusting (PPE), mediese toerusting en voorraad, asook ander toegelate vrag wettig deur ons hawens van binnekoms kan beweeg.
4. Ons moes ook ons sleutel-administrasiesistels voorberei om al die belastingverligtingmaatreëls, soos deur die regering aangekondig, te administreer.

Gedurende hierdie tyd bly dit uiters belangrik vir alle belastingpligtiges om nakomend te bly.

Dit beteken:

- Om te registreer wanneer hulle wetlik so verplig word;
- Om belasting- en doeaneverklarings, opgawes en ander toepaslike voorleggings in te dien wanneer dit so vereis word.
- Om die nodige betalings te maak wanneer dit verskuldig is, tensy hulle 'n toelaatbare betalingsreëling met SARS aangegaan het.

COVID-19 het ons gedwing om die manier waarop ons sake doen, te hersien. Ek wil graag met Suid-Afrikaners deel dat ons die nodige mandaat moes balanseer, soos ek nou net

uiteengesit het, met die gesondheidsrisiko wat dit vir ons werknemers, belastingpligtiges, handelaars en praktisyne inhou.

Wat het ons dus gedoen om ons werkswyse te hervorm?

- Ons het ons pogings opgeskerp om meer belastingpligtiges na ons digitale aanbiedinge oor te skakel.
- Ons het ons operasionele ritme gewysig jeens 'n nuwe normaal

Ek sal elkeen van hierdie om die beurt bespreek:

2. Eerstens, as deel van ons VISION 2024, is ons verbind tot die bou van 'n "slim, moderne SARS met onbetwisbare integriteit, wat vertrou en bewonder word". Ons het besluit om die COVID-krisis te gebruik om ons werk te verskerp jeens hierdie uitkyk. Ek is bly om te kan deel dat ons tegnologie- en databestuurspanne onverpoos gewerk het om 30 bykomende funksies tot ons digitale aanbiedinge te voeg, insluitend:

1. **Geoutomatiseerde registrasie vir persoonlike inkomstebelasting (PIB)** - nagenoeg 6 000 registrasies het reeds plaasgevind
2. **Kennisgewing van registrasie vir belasting op toegevoegde waarde (BTW)** is nou beskikbaar op eFiling, wat BTW-ondernemers in staat stel om hulle Kennisgewing van Registrasie te besigtig - nagenoeg 5 000 is reeds gefasiliteer
3. Belastingpligtiges kan die **versterkte eFiling-stelsel** gebruik om:
 1. Hul nakomingstatus na te gaan
 2. Hul registrasiebesonderhede te hersien
 3. Bewys van registrasie te voltooi
 4. 'n Rekeningstaat te bekom - individue en besighede
4. Nie-indieners kan nou **stawende dokumente** deur die web indien - om besoeke aan ons kantore te vermy - meer as 1 200 indienings is reeds gemaak
5. Ons het die vereiste van **BTW-onderhoude as 'n voorregistrasie-vereiste opgeskort** na na-registrasie - nagenoeg 3 000 belastingpligtiges het reeds hiervan gebruik gemaak
6. Ons het 'n **stroombelyne bankbesonderhede-verifiëringsproses** ontwikkel deur die gebruik van verbeterde data-vergelyking en kunsmatige intelligensie-gebaseerde verifiëring - 14 800 is reeds voltooi
7. Ons het die proses vir **aanlyn-belastingaanwysings**, waardeur individuele belastingpligtiges of hulle praktisyne deur eFiling aansoek doen, verbeter
8. Ons het ons **e-posstelsel geïntegreer** met ons geoutomatiseerde saakbestuurstelsel, om belastingpligtiges in staat te stel om, op uitsondering, navrae per e-pos te rig - dit

het menige van ons personeel in staat gestel om belastingpligtiges se navrae tuis op te los - nagenoeg 5 000 navrae is reeds opgelos

9. Ons het 'n **aanlyn afspraakstelsel** in plek gestel vir belastingpligtiges en belastingpraktisyne wat daarop aandring of nie in staat is om na ons digitale aanbiedinge oor te skakel nie - ons het dit ingestel om onnodige toue by ons takke vermy ter ondersteuning van publieke gesondheid en sosiale distansiëringsmaatreëls.
 10. Ons het ons **webtuistes verbeter** met instaatstellende inligting en gereelde vrae met antwoorde op ons webtuiste om belastingpligtiges, handelaars en praktisyne by te staan - 1,34 miljoen het dit reeds besigtig, waarvan 80 000 COVID-19-verwant was
 11. Ons is tans besig om ons **webtuiste te herontwerp** om navigasie en funksionaliteit te verbeter en om dit in ooreenstemming te bring met ons verfrisde handelsmerk wat ons binnekort bekend sal stel.
 12. Ons sal bykomende versterkings aankondig sodra dit gereed is.
3. Tweedens, in reaksie tot die inperkingsregulasie, het ons ons **werksreëlings** as volg gewysig:
1. Ons het vier organisatoriese reëlings dadelik ingestel:
 1. Ons het **gereelde kommunikasie met ons werknemers** verskerp deur die gebruik van veelvoudige media en kanale, insluitend persoonlike briewe en "kampvuur-geselsies" van myself af, soos die situasie ontvou het om sodoende bewustheid van COVID-19 te kweek, om hulle van werksreëlings te verwittig en om oor die algemeen in kontak te bly en helderheid en voortgesette sekerheid aan hulle te verskaf.
 2. Ons het **proaktief die leierskap van georganiseerde arbeid betrek** om vir hulle die geleentheid te skep om direk van ons duidelikheid te kry en hulle te bemagtig om die werksplekreëlings te verstaan, en gereelde terugvoer aan ons te kan gee oor enige probleme of ongerustheid wat werknemers mag he.
 3. Ons het 'n **bedryfsbrug ingestel** om daaglikse bedrywighede te koordineer en die toepaslike balans tussen belastingpligtige-aanvraag en ons kapasiteit om te reageer te verseker, om 'n konsekwente operasionele ritme regoor die organisasie te verseker en om bestuurders op die voorfront by te staan.
 4. Ons het **daaglikse operasionele kontak** ingestel om vlugtig en reaktief te kan optree teenoor die spoedig-opkomende "nuwe normaal", en om personeel-oriëntering, opleiding en leiding te by te staan.
 5. Ons het 'n aantal **gefokusde werkstrome ingestel** waar ontwerp-, instaatstellende- en ondersteuningspanne die operasionele platform kan hervorm

en herkalibreer, asook die beleide en standaard-bedryfsprosesse kan aanpas ter ondersteuning van hierdie "nuwe normaal".

6. Ons het 'n **COVID-19-taakspan saamgestel** om die regulasies te bestudeer, beste praktyke te ondersoek, werkplek-gereedheid te assesser en die kommissaris te adviseer.

2. Daarby het ons:

- Meeste van ons werknemers wat nie met verlof is nie, toegelaat om **van die huis af te werk** om die gees van inperking te respekteer.
- 'n **Rotasie-skedule** ingestel om aanvanklik die aantal personeel by ons kontaksentrums te verminder na 'n derde van normale vlakke, en daarna geleidelik personeelvlakke verminder ingevolge ons vermoë om sosiale distansiëring te implementeer.
- Belastingpligtiges, handelaars en praktisyne voor te berei en by te staan **deur ons kontaksentrums** om te skakel na digitale aanbiedinge en mense aan te moedig om "aanlyn te gaan".
- **Besoeke aan ons takke te beperk** deur 'n afspraakstelsel in te stel en slegs personeel op bevestigde afspraak-basis beskikbaar te stel.

3. Werknemers wat van die huis af gewerk het, waar toepaslik, is voorsien van:

- Toegang tot e-pos en data om in te skakel,
- Toegang tot SARS se sentrale stelsel deur 'n virtuele privaat netwerk.

4. Op aanvraag-basis, waar werknemers nodig gehad het om **fisies na 'n SARS-kantoor te gaan** om na noodsaaklike bedrywighede om te sien, het ons:

- Streng publieke gesondheidsmaatreëls ingestel, soos deur die minister van gesondheid voorgeskry, en meer onlangs, die werkplekgesondheidsmaatreëls deur die departement van arbeid.
- Ons werk- en publieke spasies hersaamgestel om die nodige sosiale distansiëringsmaatreëls toe te pas.

5. Ons personeelvlakke het deurgans gewissel van 15% tot 30% gedurende die aanvanklike inperkingstydperk, en ons is tans besig om hierdie werksvlakke geleidelik te vermeerder om seker te maak dat ons aan die aanvraag van belastingpligtiges voldoen en ons mandaat kan handhaaf.

6. Ons bly behendig en reaktief tot 'n situasie wat spoedig ontvou.

4. Die regering het 'n aantal belastingverligtingmaatreëls aangekondig en ons moes ons sentrale administratiewe stelsels voorberei om 'n sorgvuldige inwerkingstelling regoor die organisasie te verseker.
5. Gedurende hierdie tydperk het SARS ook 'n aantal versoeke om hulp ontvang van ander regeringsdepartemente, om in te koop op ons datavergelykingsvermoë, veral in die ondersteuning van verbetering van die integriteit van die verskeie verligtingsuitkerings.

Ten opsigte van handelsfasilitering gedurende inperkings, is 'n aantal maatreëls ingestel om die tweelingdoelwitte te bereik van die fasilitering van toelaatbare handeldryf en die nakom van veiligheidsprotokol om ons voorlyn-doeane-beamptes te beskerm. Dit sluit in:

1. Geoutomatiseerde doeane-verklarings stel handelaars in staat om hulle verklarings in te dien laat geoutomatiseerde prosessering toe om wettige handeldryf te fasiliteer en ter selfdertyd ongerekenariseerde interaksie tussen doeane-beamptes en handelaars tot 'n minimum te beperk.
2. Ons het maatreëls ingestel om ons doeane-beamptes te beskerm, insluitend:
 - Ontsmetting van werkareas
 - Persoonlike beskermende toerusting vir voorlynpersoneel
 - Die gebruik van nie-indringende toerusting vir fisieke inspeksies
3. Uitgebreide skakeling met belanghebbendes om helderheid te bekom oor inperkingsregulasies en toepaslike verligtingmaatreëls.
4. Die opskerpings van interaksie met interregeringsagentskappe:
 - Om die beweging van vrag te fasiliteer en ophoping by ons hawens van binnekoms te vermy
 - Om doeltreffende beweging van goedere na en van ons buurstate te verseker, binne die regulerende bepalings

Ons hou steeds voortgesette onwettige handelsbedrywighede dop en het 'n aantal detensies en beslagleggings gedurende April uitgevoer:

- **43 detensies** (alles van sigarette tot maskers)
- **17 beslagleggings** met 'n waarde van bykans R 2.6 miljoen, hoofsaaklik sigarette, alkohol en nagmaakte klerasie en skoesel.

2. INKOMSTEBESTUUR EN -PRESTERING

Belasting- en doeane-inkomsteprestering is aansienlik geaffekteer gedurende hierdie tydperk. Dit is 'n ontvouende prentjie en sal deurgans verfyn word, maar sal hoofsaaklik 'n funksie wees van:

1. Die algemene toestand van die Suid-Afrikaanse ekonomie tydens die COVID-19-uitdaging, maar vererger deur die afgradering deur twee kredietagentskappe.
2. Die spesifieke impak van COVID-19-belastingverligtingmaatreëls
3. Besluite deur die regering gedurende die verskeie inperkingsvlakke, wat 'n direkte impak op ekonomiese kapasiteit sal hê, asook ekonomiese bedrywighede
4. Die algemene impak van die nakomingsomgewing

1. Die algemene toestand van die Suid-Afrikaanse ekonomie, die impak van die afgradering en COVID-19

1. Die nasionale tesourie het laasweek na 'n erge wêreld ekonomiese krisis verwys, nog nooit waargeneem sedert die Groot Depressie nie:
 - 'n Voorspelling van 'n krimpings van nagenoeg -3% vir die huidige jaar alleen
 - Gevorderde ekonomiese dra die hitte van die stryd van hierdie krimpings teen -6.1%, terwyl
 - ontwikkelende ekonomiese 'n krimpings van -1% projekteer
 - Ekonomiese van Sub-Sahara projekteer 'n krimpings van -1.6%
2. Vir Suid-Afrika word drie scenario's geskets wat BBP-uitkomstevorspelling, wat wissel van -5.4% tot -16% vir die huidige finansiële jaar.
3. Finale uitkomstevorspelling sal afhang van die omvang van die pandemie wêreldwyd, en plaaslik 'n funksie van inperkingsbesluite uitgeoefen, terwyl die regering probeer om die verspreiding van die virus te bekamp en die gesondheids- en sterftevorspelling te bestuur.
4. Ons stem saam dat daar soveel onsekerhede is en onbepaalde veranderlikes wat alle voorspellende modelle, wat deurgans opgedateer word, die hoof bied.
5. Ons staan beslis die ergste ekonomiese prestering, van onlangse tye, in die gesig, wat aangevuur word deur die strukturele foute in ons ekonomie, wat insluit:
 - Die hardkoppige nalatenskap van ruimtelike en maatskaplike ongelykheid wat sedert die begin van demokrasie steeds nie aangespreek is nie
 - Steeds onaanvaarbare swak onderrig-uitkomstevorspelling, wat stremming op ons toekomstige vaardighede plaas
 - Onaanvaarbare lae vlakke van arbeid-intensiewe groei, wat die reeds hoë vlakke van werkloosheid vererger

- Swak presterende monopolië in staatsbesit wat 'n groot negatiewe impak op die staat se balansstaat en geadmistrateerde pryse het, wat onaanvaarbare skulddienskoste en prysinflasie dryf
- 'n Hoog-gekonsentreerde privaatsektor met beperkte kompetisie en hoogs beperkende binnetre-versperrings vir nuwe en veral kleiner rolspelers

2. IMPAK OP INKOMSTE-PRESTERING

1. Hoewel dit vroeë dae is, is ons aanvanklike opinie dat inkomste-prestering tussen 15% en 20% laer sal wees as die Februarie-begrotingsaankondiging. Dit beteken dat die inkomste invorderingstekort soveel as R 285 miljoen kan beloop.
2. Uit die voorlopige assessering van inkomste-prestering van die eerste maand, kan ons vermeld:
 - Die invorderingstekort van nagenoeg R 9 miljard vir April verteenwoordig 'n jaar-op-jaar daling van 8.8%
 - Hoof drywers van hierdie invorderingstekort sluit in:
 1. **LBS daal met 5.2% teenoor vorige jaar**
 - **65 219 werkgewers** wat betalings in April 2019 gemaak het, maar geen betalings in April 2020 - belastingwaarde van R 3.8 miljard
 - **87 137 werkgewers** wat betalings in April 2019 gemaak het, het kleiner betalings in April 2020 gemaak - belastingwaarde van R 6.1 miljard
 2. **Binnelandse BTW daal met 4.3% vanaf die vorige jaar**
 - Aantal ondernemings wat ingedien en betaal het, daal met **13%** vanaf 160 136 in April 2019 tot 139 313 in April 2020.
 - Van die 139 313 ondernemings wat hierdie jaar betaal het, is slegs 104 996 (**75%**) herhaalbetalers wat ook die vorige jaar betaal het. Invorderings van hierdie 75% ondernemings wat in beide jare betaal het, het met R 200 miljoen (0.9%) gekrimp. Dit verteenwoordig spanning op die sentrale belastingbasis.
 - Jaar-op-jaar maandelikse betalings van diegene wat ingedien het, het **met 20% afgeneem**, met 'n belastingwaarde van R 1.1 miljard.
 3. **Invoerbelasting het algeheel met 19.7% afgeneem teenoor die vorige jaar**
 - Invoer-BTW het **met 25% afgeneem** tenoor die vorige jaar - belastingwaarde van R 1.6 miljard

- Doeane-heffings **daal met 11.8%** teenoor die vorige jaar - **belastingwaarde van R 100 miljoen**

4. **Bepaalde aksynsregte** daal met 54.7% teenoor die vorige jaar - belastingwaarde **R 1.3 miljard** (R 1.7 miljard afname in alkohol en sigarette, verreken teen 'n R 0.4 miljard opwaartse regstelling in brandstofheffing)

- Ons het reeds versoeke vir betalinguitstellings ontvang van drie belastingpligtiges ten opsigte van alkohol, sigarette en brandstof
- Ons ondersoek tans nie-nakoming ten opsigte van alkohol en sigarette
- Ons het anekdotiese bewyse dat onwettige verkoop van sigarette en alkohol voortgaan gedurende die inperkings tydperk - terwyl die inkomste-impak relatief laer is as 'n persentasie van totale inkomste, ag ons die kriminaliteit daarvan as ons hoof besorg

5. **Korporatiewe belastings daal met 55.4% teenoor die vorige jaar**

- April is nie 'n noemenswaardige maand vir korporatiewe belastings nie, maar vroeë aanduidings toon 'n afwaartse spiraal in alle areas met die uitsondering van elektrisiteit, gas en water
- Ons verwag dat die aantal maatskappye wat vir besigheidshulpverlening sal aansoek doen, oor die volgende jaar sal toeneem

6. **BTW-terugbetalings is 12.5% laer as verwagting**

- BTW-terugbetaling-uitbetalings vir April is minder as die krimpings in aantal kredietterugbetalings vergeleke die vorige jaar vir die maand van April - terugbetalingswaarde van R 15.5 miljard vergeleke die R 17.7 miljard in April 2019

3. BELASTINGVERLIGTINGMAATREËLS

1. Die koste van COVID-19-belastingverligtingmaatreëls alleen word geskat op R 70 miljard, voortspruitend uit belastinguitstellings sonder boetes en rente, werknemerbelastingaansporing-uitstellings, asook die tydelike opskorting van die vaardigheidontwikkelingsheffing.
2. Hierdie syfer:

- Sluit R 5 miljard in vir saak-vir-saak-aansoeke vir uitstellings, maar ons voorspel dat hierdie syfer aansienlik hoër sal wees, en
 - Sluit 'n projeksie van afname in algemene nakoming in, eenvoudig as gevolg van besighede wat sukkel met kontantvloei en nie in staat is om die uitstellings terug te betaal gedurende die huidige fiskale jaar nie, of eenvoudig geheel versuim om dit te doen
3. Ons voorspel daarom dat die totale impak van die belastingverligtingmaatreëls moontlik veel hoër sal wees as die R 70 miljard aanvanklike voorstelling

4. IMPAK OP EKONOMIESE KAPASITEIT NA GEVOLG VAN COVID-19 EN INPERKING

Ten opsigte van 'n inkomste-perspektief, is ons veral bekommerd, nie net oor die afwaartse neiging van ekonomiese bedrywighede nie, maar ook 'n verlies aan ekonomiese kapasiteit na gevolg van besighede wat toemaak en werksverliese. Die volle impak hiervan sal oor die volgende paar maande manifesteer, en ook afhang van hoe die regering die infasering van ekonomiese bedrywighede hanteer.

Baie besighede sal eenvoudig nie winsgewend bedryf kan word teen verminderde kapasiteit nie en totaal vou. Die wat besighede van die grond af begin het, sal weet hoe moeilik dit is om 'n besigheid te begin - dit verg gereeld 100 besigheidswaagstukke om een suksesvol op die been te kry. Die verlies aan ekonomiese kapasiteit in ons ekonomie, sal langtermyn belastinginkomste gevolge hê.

Ons aanvanklike assessering is ingelig deur die volgende datapunte:

1. Volgens STATS SA se verslag oor **likwidaties en insolvensies** het:
 1. **Likwidaties met 12.3% gestyg** in Februarie 2020, vergeleke Februarie 2019, met 'n toename in vrywillige aansoeke
 2. **Insolvensie het gestyg met 13.9%** in Januarie 2020 teenoor Januarie 2019
2. Volgens **gefinaliseerde aanwysings**, kan ons rapporteer dat 'n toename van **1 622 werknemers** in April 2020 afgedank is, vergeleke April 2019 - 'n styging van nagenoeg 9% - totale afdanking in April 2020 beloop nagenoeg 20 000.
3. STATS SA het ook 'n persepsie-ondersoek geloods, gemik op **BTW-geregistreeerde besighede**, met 'n verwysingstydperk van 30 Maart tot 13 April 2020, en verslag gegee dat:

- 42% van besighede voel dat hulle nie tydens die COVID-19-pandemie operasioneel kan wees nie
- 54% van besighede voel dat hulle 1 - 3 maande kan oorleef
- 46.4% van besighede het hulle deure tydelik gesluit
- Slegs die helfte van die respondente het gevoel dat hulle werksmense nie geaffekteer sal wees nie
- 36.8% van besighede verwag dat hulle beslis hulle werkmag sal verminder
- 20% van besighede het personeel in die korttermyn afgelê
- 28% van besighede het werksure verminder
- 85.4% van besighede het gerapporteer dat hulle omset laer as gewoonlik vir die tydperk is
- Twee derdes van besighede voel dat die impak erger sal wees as die 2008/9 resessie
- Die 707 besighede wat ondervra is, sluit in:
 - (i) Vervaardiging - 180
 - (ii) Handeldryf - 71
 - (iii) Logistiek & Kommunikasie - 52
 - (iv) Eiendom- & Besigheidsdienste - 44
 - (v) Konstruksie - 39

5. NOU WIL EK GRAAG FOKUS OP DIE KOMENDE BELASTINGSEISOEN

Meer as ooit tevore, het ons nodig dat belastingpligtiges nakomend bly. Ons het Belastingseisoen 2020 vir persoonlike inkomstebelasting, herontwerp met 'n aantal sleutel veranderinge:

FASE 1: 15 APRIL 2020 - 31 MEI 2020 - WERKGEWER INDIENING

6. Nakoming **deur werkgewers ten opsigte van salarisrolbelastings (LBS) is baie belangrik**
 - 'n Hernuwe fokus om seker te maak dat alle werkgewers ten volle nakomend is ten opsigte van hulle indienings- en betalingsverpligtinge - ons verwag van alle werkgewers om ten volle nakomend te wees, omdat dit 'n veel kleiner las op die nakoming van werknemers plaas ten opsigte van hulle indieningsverpligtinge
 - Werkgewers is wetlik-aangestelde agente van SARS - ons herinner werkgewers dat dit 'n kriminele oortreding is om inkomstebelasting by hulle werknemers in te vorder sonder om dit aan SARS oor te betaal
7. Nakoming deur verskaffers van **derde party inligting**

- Ons doen ook 'n beroep aan werkgewers, tesame met ander verskaffers van derde party inligting, om hierdie vereiste na te kom teen **einde Mei 2020**.
- Derde party inligting stel ons in staat om data-modellering en kunsmatige intelligensie te gebruik om die finale assessering van alle standaard-belastingpligtiges te doen en 'n sorgvuldige indiening-ervaring aan die meerderheid van individuele belastingpligtiges te verskaf.
- Derde party verskaffers sluit in:
 1. Werkgewers
 2. Banke
 3. Finansiële diensverskaffers wat uitreefondse en pensioenskemas administreer
 4. Mediese spaar- en versekeringskemas
- Daarby, sal SARS met die nasionale bevolkingsregister, die maatskappye-register en die aktekantoor koppel

FASE 2: 1 Junie 2020 - 31 Augustus 2020 - OPDATERING VAN BELASTINGLÊERS

8. Gedurende hierdie tydperk, word belastingpligtiges versoek om met SARS in verbinding te tree om seker te maak dat hulle belastinglêers op datum is ten opsigte van algemene higiëne-kontrole, bankbesonderhede, adresveranderinge, ens. SARS se aanlynfasiliteite is beskikbaar om meeste van hierdie te doen. Hierdie kontrole sal nou meesal aanlyn gedoen word voor die aanvang van die belastingseisoen.
9. Alle uitstaande derde party inligting sal ook in hierdie tydperk opgevolg word om die hoogste vlak van data-integriteit te verseker. Derde party dataverskaffers, insluitend werkgewers, wat opsetlik nie-nakomend bly, sal vervolgt word gedurende hierdie tydperk.
10. Tydens hierdie fase sal 'n aansienlike aantal belastingpligtiges outomatiese aanslae ontvang en 'n geleentheid gebied word om hulle aanvaarding van sodanige aanslag aan te dui.
11. Tydens fase 2 kan individuele belastingpligtiges, wat vereis is om opgawes in te dien maar nie outomatiese aanslae ontvang het nie, vroeg indien deur aanlyn-fasiliteite indien hulle werkgewers en ander derde party dataverskaffers ten volle nakomend is (insluitend LBS-skuld sonder 'n behoorlike uitstellingsreëling).
12. Individue wat nie vereis word om in te dien nie, sal ingelig word.
13. Individue wat vereis is om in te dien tydens fase 3, sal ingelig word.

FASE 3: 1 SEPTEMBER - 31 JANUARIE 2021 - WERKNEMER-INDIENING

1. Individue wat vereis is om in te dien, sal daaraan herinner word.

2. Individue wat nie-voorlopige belastingpligtiges is of nie die uitkoms van 'n outomatiese aanslag aanvaar het, word vereis om in te dien vanaf **1 September tot 16 November 2020** en word aangemoedig om die aanlynkanale te gebruik om besoeke aan ons kantore tot 'n minimum te beperk.
3. Individue wat nie-voorlopige belastingpligtiges is en gebruik maak van ons tak-fasiliteite, het tot **22 Oktober 2020** om in te dien.
4. Voorlopige belastingpligtiges wat nie die uitslag van 'n outomatiese aanslag aanvaar het nie, word vereis om in te dien sodra hulle gereed is, maar nie later as **31 Januarie 2021** nie.

6. 'N TERUGBLIK OP MY EERSTE JAAR BY SARS

Ten slotte wil ek graag terugkyk op die afgelope 12 maande vanaf ek by SARS aangesluit het op 1 Mei 2019.

Teen hierdie tyd is dit wydbekend dat SARS 'n ernstige knou in staatsbestuur en integriteit gely het, 'n meetbare afname in werknemersmoreel gely het, noemenswaardige skade aan reputasie, en 'n betreurenswaardige verlies in publieke vertrouwe. Dit word ook weergegee in 'n konstante afname in inkomste-prestering, vlakke van nakoming en belastingpligtige-moreel.

Die reis van die heropbou van SARS, het begin met 'n hersiening van die integriteit en pligsuitvoering van die senior SARS-leierskap.

Vandag kan ek vordering as volg rapporteer:

14. Ons het kwessies van leierskapsintegriteit hoofsaaklik aangespreek
15. Ons het 'n program ingestel om SARS se beel te herstel en SARS te herbou, wat behels:
 1. 'n Opwindende VISION 2024
 2. 'n SARS strategiese voorneme gebaseer op vrywillige nakoming
 3. Ons het tot op hede die volgende aan die parlementêre komitees voorgelê:
 - 'n vyf-jaar strategiese plan
 - 'n jaarlikse presteringsplan
16. Ter ondersteuning van ons strategiese voorneme, het ons **nege strategiese mikpunte**:
 1. Verskaf **helderheid en sekerheid** vir belastingpligtiges en handelaars oor hulle belastingverpligtinge
 2. **Maak dit maklik** vir belastingpligtiges en handelaars om hulle verpligtinge na te kom

3. Om nie-nakomende belastingpligtiges en handelaars **na te spoor** en nie-nakoming **moeilik en duur** te maak
4. Ontwikkel 'n **hoogspresterende, diverse, behendige, betrekde en betrokke** werkmag
5. Brei die **gebruik van data** uit om integriteit te verbeter, insig te bekom en uitslae te verbeter
6. **Moderniseer ons stelsels** om digitale en stroombelyne dienste te verskaf
7. **Hulpbrontoesighouerskap** vir doeltreffendheid, kwaliteit-uitslae en presteringvoortreflikheid
8. **Werk met en deur belanghebbendes** om die belasting-ekosisteem te verbeter
9. **Bou publieke vertroue** in die belastingadministrasiesestel

17. Ons het ons werk georganiseer om uitwerking te gee aan die nege strategiese mikpunte

-

1. Drie groepperings:
 - Belastingpligtige-skakeling
 - Ontwerp en instaatstelling
 - Ondernemingdienste en -bystand
2. 'n Streekstruktuur:
 - Nege geografiese streke
 - Drie belastingpligtige-segmente
3. 'n Hersiene organisatoriese leierskap en rapporteringsreëling

18. As deel van die herbou van die sagte infrastruktuur, het ons onderneem om:

- Die hoër-doelwit oriëntering te herstel
- 'n Nuwe leierskapstelsel te herbou
- 'n Geloofbare werknemerskakelingprogram

19. Om inkomste-prestering te bevorder het ons die volgende ingestel:

- Die pos van Hoof Inkomste Beampte
- 'n Uitdruklike fokus op inkomste deur ons nakomingsprogram
- 'n Gefokusde inkomste-herkrygingsprogram
- 'n Belastinggaping studie onder leiding van Regter Dennis Davis

20. Die herbou van SARS sal tyd en konsekwente pogings vereis.

- Die huidige uitdagings deur COVID-19, die afgradering van die land se kredietwaardigheid, en die mees noemenswaardige ekonomiese krimpings in onlangse tye, het aan die een kant ons werk net soveel moeiliker gemaak, MAAR
- terselfdertyd is ons geseënd met 'n soliede fondasie, baie toegewyde mans en vroue, en 'n krisis wat ons nie gaan mors nie.
- Ons bly toegewyd en geïnspireer om die belangrike werk wat ons bevoorreg is om te verrig, na te streef.

DANKIE!

EDWARD CHR KIESWETTER

SARS KOMMISSARIS

5 Mei 2020